Nahum

Hoe om die Bybelboek te lees

Die Bybel moet ons lewe vorm. Daarvoor is dit nodig dat ons leer om die Bybel te leef terwyl ons dit lees. Daardeur hoor ons die stem van God in die Bybel, leer ons hoe om Jesus prakties te volg, en skryf die Gees ons in God se verhaal met die wêreld in.

Een van die maniere wat gelowiges deur die eeue gebruik het om die Bybel só te lees, dat dit jou lewe beïnvloed, jou transformeer, is *Lectio Divina*, geestelike of goddelike lees.

Gebruik die volgende metode om hierdie Bybelboek deur te werk:

RUS

- Raak stil. Dink na oor wat die afgelope 24 uur gebeur het. Dank God vir die goeie. Gee vir Hom die slegte.

HOOR

- Lees die gedeelte in die Bybel soos dit aangetoon word. Fokus op wat jou tref.
- Lees my bydrae oor die gedeelte.
- Kies een gedagte wat jou tref en dink daaroor na. Dink veral oor die praktiese betekenis daarvan vir jou.
- Antwoord die Here in gebed.
- Geniet ‘n paar oomblikke die teenwoordigheid van die Here sonder woorde.

LEEF

- Besluit op ‘n praktiese manier om op God se woord aan jou te reageer

Nahum – God voltrek sy oordeel oor Nineve

Die boodskap van die eerste ses Kleiner Profete

Wat die eerste ses Kleiner Profete tot dusver gesamentlik gesê het, is dat wat in die Godsverhouding tussen Hom en mense gebeur, ‘n impak het op hulle voorspoed en selfs

hulle voortbestaan – ten goede en/of ten kwade. Aan Hóm moet hulle lojaal wees en bly in hulle liefde. Na Hóm moet hulle begeerte wees. Aan Hóm moet hulle in alles gehoorsaam bly.

Maar wat die profete net so sterk op die tafel sit is dat dié verhouding medebepaal word deur die wyse waarop mense in die gemeenskap teenoor mekaar optree. Sosiale geregtigheid en deernis met die weerloses is onafskeidbaar deel van die Godsverhouding. Trouens, dit is ook nie net van toepassing op die Godsvolk alleen nie. God verwag van alle mense om te doen wat reg is, troue liefde aan mekaar te bewys terwyl hulle noulettend die pad saam met God loop.

Inleiding

Die profeet Nahum, tydgenoot van Jeremia en Sefanja, word as Elkosiet aan ons bekendgestel, d.w.s afkomstig van die dorpie Elkos, moontlik in Noord-Galilea volgens die geskiedskrywer Hiëronimus. Sy beskrywings van die stad Nineve, asook twee moontlike Assiriese leenwoorde ("*mense aan jou hof*", en "*amptenare*" – 3:17), getuig egter volgens sommige geleerdes van 'n deeglik genoeg kennis van die stad dat hy moontlik daar gebly het, moontlik 'n nasaat van mense wat weggevoer is met die ballingskap van die noordelike tienstamme ryk (2 Kon. 15). Ons weet egter nie genoeg oor hom om met groter sekerheid daarop uit te brei nie. Hy sou ook dié profesieë in Juda kon gelewer het.

Nahum is die sewende boek in die ry van die Twaalf Kleiner Profete, en bevat 'n grusaam-helder boodskap van God se finale oordeel oor Nineve, die hoofstad van die Assiriërs. Dit word as 'n troosboodskap aan die mense van Juda aangebied: "*Vier maar jou feeste, Juda! Betaal jou geloftes, want die booswigte sal nooit weer deur jou trek nie; hulle is almal uitgeroei.*" (1:15).

Indien aanvaar word dat die verhaal van Nineve se bekering in die tyd van Jona histories korrek was – soos Joodse geskiedskrywing dit aanbied in Tobit en die Jerusalemse Talmoed (hier is skakels na die onderskeie Engelse tekste daarvan by Ebible en CDL) – was dié bekering óf halfhartig óf het dit nie vir lank gehou nie. Die oordeel van Jona, al het hy nie gelewe om dit te aanskou nie, het dus wel in vervulling gegaan, soos Nahum dit voorspel.

Die historisiteit van Jona se verhaal al dan nie, verander egter nie wesenlik aan die boodskap van Nahum nie. Nahum se boodskap is nie afhanklik van ondersteunende getuienis van die ander profete nie. Dit staan selfstandig as boodskap van God wat in die konkrete geskiedenis van die wêreldpolitiek van sy tyd vervul is met die val van Nineve in 612 v.C.

Wat belangrik is om te onthou, is dat Assirië op die kruin van hulle mag is met die lewering van hierdie profesieë. Die Here sê egter oor hulle: "*Al was hulle ook in volle sterkte, so baie as wat hulle was, soveel is afgemaai. En hy het verdwyn.*" (1:12).

Nahum laat hom dus nie beïnvloed deur die oënskynlik onaantasbare mag van die wêreldmag van die Assiriërs nie. Hy luister na die beoordeling van die Here, en verkondig hulle val, vóórdat enigiets daarvan sigbaar raak.

Nahum se boek getuig van 'n woordkunstenaar wat uitnemende digterlike beelde inspan om sy boodskap oor te dra. Vergelyk bv. die afwagting wat 2:1 skep vir die val van Nineve:

Iemand wat uitmekaar jaag,
trek teen jou op.
Bewaak die vesting,
hou die pad dop,
gord die heupe vas;
monster alle kragte!

Nahum 1:1-15 – Die Here sorg vir wie by Hom skuil

Nahum begin in vers 1 om sy boek as 'n profesie of uitspraak van die Here téén Nineve te tipeer. Dit bevat die openbaring van die Here van wat met hulle, sowel as met die Godsvolk, gaan gebeur.

God se liefde en oordeel word in die werklikheid voltrek – 1:2-8

Let op hoe dié boek begin met die prentjie van hoe God oor sy volk en sy mense voel: "*Die Here is 'n God wat baie begaan (*jaloers of besitlik*) is oor sy volk.*" Sy gevoel vir die volk – sy jaloersheid of besitlikheid oor hulle – sluit in dat Hy Hom wreek op sy teëstanders, dié wat dit waag om téén Hom en daarmee ook teen sy volk in opstand te kom. Hulle word dus God se teëstanders omdat hulle die volk van Hom wil afrokkel. Dit is wat die jaloersheid of

besitlikheid van God in wese beteken. Dit is om nie enige mededingers in sy verhouding met sy volk te duld nie. Daarom is jaloersheid in die Godsbeskrywing nie ‘n sonde nie, maar ‘n deugde.

Die karakter van God word daarna verder beskryf aan die een kant in eienskappe soos lankmoedig (1:3) en goed (1:7) en aan die ander kant in handelinge soos die groot krag waarmee Hy optree waar dit nodig is (1:3). ‘n Hele aantal skeppingsfenomene word genoem om God se kosmiese krag waarmee God chaos tot orde roep, mee uit te druk – rukwind, storm, wolke, droogte (Basan, Karmel en Libanon was bekend vir hulle vrugbaarheid), en aardbewings.

Dit herroep ook die tye in Israel se geskiedenis wat dié tekens God se openbaring vergesel het, in die woestyn met die Uittog (see wat droog word), op Sinai met die gawe van die wet en op Horeb met die hernuwing van God se roeping van Elia. God gee sulke *teofanieë* – Godsverskynings – as openbarings van sy magtige teenwoordigheid.

Let op hoe God se liefde en sy oordeel in vers 7 en 8 langs mekaar gestel word. Aan die een kant is God goed, en is Hy ‘n toevlug in tyd van nood. Daar kan altyd op Hom gereken word om te sorg vir dié wat by Hom skuil. Aan die ander kant is Hy ook soos ‘n vloed wat alles meesleur, en gaan Hy dit illustreer deur “*haar plek*” – Nineve – nou weg te vee soos met ‘n besem.

Dit is klaar met jou, Nineve! – 1:9-15

Nahum verkondig hier die eeu-oue waarheid van die spreuk: “*Die mens wik, maar God beskik.*” Nineve kan maar planne maak. Wat hulle ook al bedink, die Here sal dit tot niet maak. Hulle planne vir Juda sal spesifiek nie geluk nie. Al was hulle so ondeurdringbaar soos inmekaargevlegte dorings en deurweek van drank (moeilik verstaanbaar, maar miskien beteken dit natgemaak as beskerming teen die vuur), sal hulle soos kurkdroë stoppels verbrand word (vers 10).

Uit die verlede herroep Nahum die oorwinning van koning Hiskia oor Assirië in die tyd van die veldslag van Sanherib (vgl. my bydrae wat onder andere 2 Konings 19 insluit). Hy/hulle het kwaad bedink teen die Here, maar dit was planne wat nie geslaag het nie. Trouens, Hiskia het oorwin sonder om ‘n vinger te verroer. Die Here het die veldslag vir hulle gewen.

Die Here sê vir Nineve: "*dit is klaar met jou*." 'n Mens kan ook vertaal: "*jy is onbenullig*." Ironies: die groot rolspeler op die wêreldverhoog is in God se oë onbenullig, van geen waarde nie. Op die punt om van die wêreldtoneel af te verdwyn.

Dié boodskap moet Juda met vreugde vervul. Hulle kan hul feeste vier en hulle geloftes betaal. "*Die verdrukker sal nie weer deur jou land trek nie, hy is verslaan, vernietig.*"

Boodskap

Die versoeking is groot om die groot rolspelers op die wêreldtoneel as die hoofakteurs van die menslike drama te beskou. Die Assiriërs met hulle hoofstad in Nineve was immers in oortreffende trap 'n groot rolspeler wat oor 'n wye gebied geheers het in die 7de eeu v.C.

Nahum help ons om die eintlik groot rolspeler op die wêreldtoneel en die ware hoofakteur van die menslike drama raak te sien. Dit is die Here self, dié God wat wel lankmoedig en geduldig is, maar met gloeiende toorn kán optree om Hom op sy teenstanders te wreek. Die feit dat dinge vir jare oënskynlik deur die wêreldmagte beheer en gestuur word, is presies dit, oënskynlik.

Agter die skerms is God besig met sy haarfyn beplanning en uitvoering van sy wil vir hierdie lewe. Dit het hy in die verlede bewys. Dit sal Hy ook in die toekoms bewys. Assirië – en enige mag daarvoor of daarna, ook die magte van vandag – sal uiteindelik voor God se mag moet buig. Om die waarheid te sê, Nahum kan met stelligheid die waarheid verkondig aan dié magte wat God nie erken nie: "*Al is hulle hoe sterk, hoe baie, hulle sal afgemaai word en tot niet gaan.*" Hulle is in sy oë *onbenullig*.

Daarteenoor staan die wonderlike troos dat die Here "*sorg vir dié wat by Hom skuil.*" "*Hy is 'n toevlug in tyd van nood.*" Daarop kan sy mense te alle tye staatmaak. Dit is waar ook vandag. Dit is waar ook vir jou.

Nahum 2:1-13 – Die Here jaag Nineve uitmekaar

Nahum voorspel die val van Nineve, die hoofstad van die Assiriërs: "*Daar kom iemand wat jou sal verjaag, Nineve.*" Hierdie voorspelling het waar geword in 612 v.C. toe 'n koalisie van 'n hele aantal magte teen Assirië in opstand gekom en hulle oorwin het. Dit was 'n leërmag van onder andere Meders, Perse, Galdeërs, Babiloniërs en nog ander. Die Galdeërs van

Nabopolassar het hierna vanuit Babilon regeer en die volgende wêreldmag geword. Nebukadnesar, Nabopolassar se seun, sou in 604 v.C. sy pa opvolg en verantwoordelik wees vir die uiteindelike ballingskap van Juda in 597 en 586 v.C., hoewel dit iets is wat Nahum nie hier aanraak nie.

Nineve word opgeroep om hulleself te beskerm, maar dit is tevergeefs. Die Here gaan hulle verwoes – deur die nasies wat teen hulle in opstand kom – en Juda weer herstel deur die juk van die oorheerser van hulle af te werp.

Terloops, hoe jammer is dit nie dat Josia, die koning van Juda wat amper die gety vir hulle met sy hervormings gedraai het, dié voorsiening van die Here in die laaste dekade van die 7de eeu nie genoegsaam aangegryp het nie. Sy koppigheid om by wêreldpolitiek betrokke te raak, dwarsboom die kanse wat die volk op 'n werklike radikale transformasie gehad het. Lees meer daaroor by 2 Kronieke 34 – Josia bestry afgodery, herstel die tempel en gehoorsaam die voorskrifte van die wetboek en 2 Kronieke 35 – Josia hou die grootste Paasfees, maar sneuwel in oorlog weens sy koppigheid.

Die aanvallers, sê Nahum, is soos 'n "*rooi gevaar*" wat met groot vertoon so vernietigend soos fakkels of weerlig die stad oorrompel. Nineve probeer keer, maar die soldate struikel met hulle verdediging en die stormram van die vyand is al aan die werk. Vers 6 se vertaling van: "*sluise van die kanale*" gee die Hebreeuse teks: "*die poorte van die rivier,*" weer. Dit kan verwys na die Griekse storie hieroor wat die val van die stad wyt aan die rivier wat deur die stad loop en in vloed die stadsmure laat intuimel het. Dit is egter meer waarskynlik dat dit verwys na die stadspoorte by die rivier wat oopgebreek is en vanwaar die stad ingeneem is.

Die stad word dus ingeneem en hulle "*mooi goed*" gebuit. Die stad word ontvolk en weggevoer in ballingskap. Hulle is soos 'n dam waarvan die water uitloop, 'n besonder effektiewe metafoor, weens die sisteem van damme wat in die rivier gebou is om nie net beheer oor die rivier uit te oefen nie, maar ook water vir die stad te verskaf.

Let op hoe hartverskeurend die harde werklikheid van die nederlaag beskryf word: "*sy mense is verslae, hulle knieë knak, hulle kry krampe in die onderlyf* (*stomachs retch*, vertaal Peterson in The Message)*, almal is bleek van die skrik.*"

Die tragiek van die situasie word in die laaste drie verse verhoog met ‘n spotlied wat oor Nineve aangehef word: “*Waar is die lêplek van die leeus nou … waar is die leeu en sy wyfie wat onbevrees met hulle welpies rondgeloop het?*” Nahum gebruik juis dié beeld, omdat Nineve lief was om hulle as leeus voor te stel soos op die baie reliëf tekeninge uit dié tyd te siene is. Die eens trotse wêreldmag se moed is gebreek, hulle mag is tot niet.

Die Here tree op teen hulle. “*Hy vee alles wat jy bymekaargemaak het, van die aarde af.*” Dit is klaar met Nineve.

Boodskap

Die oorheersende gevoel wat my bybly ná die lees van hierdie hoofstuk is een van verydeling. Die wyse waarop nasies mekaar regdeur die eeue verwoes en vernietig, bly ‘n hartverskeurende werklikheid. Dat die Here uiteindelik agter dié gebeure sit, maak dit net nog erger.

Die enigste drie ligpunte in dié ontstellende stuk is eerstens dat die Here die ontvolking en wegvoering van Nineve laat gebeur nádat hy reeds ‘n profeet, Jona, daarheen gestuur het, en tweedens dat die grusame dade van die Assiriërs van Nineve regtig eeue lank aangehou het. Aan hulle word gedoen wat hulle aan ander gedoen het. Daar is ‘n sekere sin vir regverdigheid wat daardeur bevredig word.

In die derde plek herstel dié nederlaag “*die eer van Jakob*” (vers 2) … maar dit is op sy beurt weer ‘n tragedie van sy eie, want Josia kon dié kans wat die Here vir hulle gegee het, nie benut nie, weens sy koppigheid om eerder sy stem op die internasionale verhoog dik te probeer maak, met tragiese gevolge. Hy is dood in die veldslag teen Egipte en sy opvolgers het die land in die afgrond in bestuur.

Die evangelie in dié tragiese ontplooiing van Josia se lewe is dat daar tóg die kans is om die uitkoms van die Here aan te gryp. ‘n Mens kán onderskeiding aan die dag lê en die Here se plan vir die toekoms aangryp. Mag jy genade kry om dit te doen.

Nahum 3:1-19 – Die Here maak Nineve ‘n toonbeeld van vernedering

Die boek van Nahum word afgesluit met ‘n beskrywing van die grusame nederlaag wat Nineve en die Assiriërs gaan tref en die skandelike vernedering waaraan hulle blootgestel

gaan word (3:1-7). ‘n Sarkastiese spotlied word oor hulle aangehef wat hulle oproep om hulle te verweer teen die aanslag, in die volle wete dat dit verniet sal wees (3:9-19).

Die hoofstuk word afgesluit met ‘n retoriese vraag wat God se deernis met almal wat onder die magspolitiek van die regerings van die wêreld deurloop, illustreer. God se lankmoedige en deernisvolle karakter met mense word daarmee aan sy vermoë om onreg en korrupsie reg te stel, gekoppel. God se redding en sy oordeel is kante van dieselfde munt.

Nineve word getref met ‘n grusame nederlaag en ‘n skandelike vernedering – 3:1-7

Nahum gebruik besondere digterlike beeldspraak om die ellende van Nineve uit te lig. “*Swepe klap, wiele dreun, perde jaag, strydwaens vat net hier en daar grond; ruiters galop, swaarde blink, spiese blits.*” Uitmuntende digwerk!

Let op hoe hierdie digterlike beskrywing in vers 2-3 ‘n mens help om ‘n prentjie te kry van die grusame *nederlaag* – “*baie gewondes, hope dooies, ontelbare lyke*” – en die verdere beskrywing in vers 4-7 van die skandelike *vernedering* – die “*mooi vrou*” word kaal uitgetrek, letterlik: “*Ek sal haar rok oor haar kop trek*”, die straf wat prostitute in dié tyd getref het.

Die rede vir hierdie ellende word reeds in vers 1 uitgespel en aan die einde van die hoofstuk in vers 19 opgesom. Die ellende tref hulle weens die *wreedheid* van hulle *bedrog*, *roof* en *moord* wat oor eeue teen ander gepleeg is.

Omdat Nineve ander verwoes het, sal God hulle verwoes: “*Ek tree teen jou op, sê die Here die Almagtige.*” Omdat hulle ander se regte geminag en vertrap het, sal die Here hulle aan minagting prysgee en hulle ‘n spektakel maak in die oë van al die nasies. Op die koop toe sal niemand hulle jammer kry nie.

Nineve is verwoes en sal nie herstel nie – 3:8-19

Nahum verwys hier na Egipte wat onderwerp is met die veldslag teen No-Amon (3:8-10) wat inderdaad in 663 v.C. gebeur het. No-Amon (Thebes) was baie lank die hoofstad van Egipte en Kus (gebied rondom Aswan). Egipte was ‘n sterk wêreldmag wat kon staatmaak op sterk bondgenote na die weste, Put (deel van Libië) en Libië. Soos Nahum sê: “*en hulle wás sterk!*” Dit het hulle egter nie gehelp nie, en hulle is deur Assurbanipal II van Assirië in ballingskap weggevoer, ironies genoeg beplan vanuit die hoofstad Nineve!

Dieselfde lot sal Nineve nou egter tref. Hulle sal skuilplek soek teen die vyand, maar verniet: "*Al jou vestings is soos vyebome met ryp voorvye: as die bome geskud word, val die vye in die eter se mond!*" Grusame maar treffende beeldspraak.

Die soldate verloor hulle moed, die weerstand verbrokkel, en hoewel Nineve op 'n sarkastiese wyse opgeroep word om planne te maak om die aanval af te weer (water, bouwerk), is die boodskap dat dit liederlik sal misluk. Soos sprinkane in die voetganger stadium sal die inwoners deur vuur vernietig word. Hulle leiers sal wegvlieg soos 'n swerm sprinkane: "*en niemand weet waarheen nie!*"

"*Jy is verwoes, en jy sal nie herstel nie.*" Die grote Nineve is verwoes en verstrooi: "*want wie het nie almal voortdurend onder jou wreedhede gely nie?*"

Soos die boek Jona, sluit Nahum sy boek af met 'n retoriese vraag van die Here waarin sy karakter na vore kom.

- In Jona het die vraag God se deernis met die onskuldiges (mens en dier) van Nineve geïllustreer.
- In Nahum illustreer die vraag God se deernis met die onskuldiges wat onder Nineve se wreedhede deurgeloop het.

Boodskap

Die verhaal van Assirië en Nineve is 'n getuienis van die noodwendige gevolg van die korrupsie van mag en geweld. 'n Ryk wat op magswellus gebou is, sal altyd uiteindelik self sneuwel. Korrupsie en die gewelddadige onderdrukking van mense kan nooit die toets van die tyd deurstaan nie. Dit dra die onvermydelike kiem van vernietiging en ondergang.

Dié patroon is duidelik in die opgetekende geskiedenis van die wêreld, van die een kant daarvan tot die ander kant. In die werklikheid van die historiese prosesse raak die opstand teen onreg uiteindelik net te groot vir korrupte magspolitiek om enduit te slaag.

Die boek van Nahum gee 'n profetiese interpretasie van die historiese gebeure. Dit is nie net die Galdeërs, Mede en Perse wat hulleself verset teen die magspolitiek van Assirië en Nineve nie. Dit is die Here self: "*Ek tree teen jou op, sê die Here die Almagtige.*" (3:5). God is

aan die kant van dié wat onregverdig ly. Die sigbare opstand word dus vanuit die onsigbare werklikheid aangevoer deur die Here self. Dit dra die seël van sy goedkeuring.

Dit beteken natuurlik nie dat die Here die geweld waarmee dit gebeur noodwendig goedkeur nie. Dieselfde oordeel wat hier die Assiriërs tref, tref later ook die Galdeërs en nog later ook die Mede en Perse. Korrupte magspolitiek sal altyd onder die oordeel van die Here deurloop.

Dit is egter baie belangrik om in Nahum te hoor dat hierdie oordeelsboodskap gedra word deur hierdie troosvolle Godsbeeld: "*Die Here is lankmoedig, maar sy krag is groot: Hy laat geen skuldige ongestraf nie.*" (1:3). God se oordeel is vanweë sy deernis met mense wat onder die wreedhede van magspolitiek deurloop, uitgedruk met die retoriese vraag aan die einde van die boek: "*want wie het nie almal voordurend onder jou wreedhede gely nie?*" (3:19).

Nahum wil dus met dié profesie – wat met Nineve se val vervul is – die vrees vir magspolitiek verander in vertroue in dié God wat deernis het met almal wat daaronder deurloop, ook vandag nog. Die korrupte regerings van die wêreld het nie die laaste sê oor die lewens van mense nie, al moet baie daaronder ly. Gód het die laaste woord oor ons almal. God is sowel lankmoedig en deernisvol met mense as in staat om onreg en korrupsie reg te stel in die geskiedenis van die wêreld. God se redding en sy oordeel is immers kante van dieselfde munt. Daarop kan ons vertrou.